Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Nandipha Mtongana**
Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde
Nandipha.Mtongana@westerncape.gov.za | 021 467 2703

Lêerno.: 4/4/2/1
Verwysing: 20250204 – 336

Finansiële Rekeningkundeminuut: 0004/2025

Aan**:** Superintendent-Generaal, Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde van alle subdirektorate en afdelings, en finansiespersoneel

**Onderwerp: Goedgekeurde lys uitsonderings vir diverse betalings op die Basiese Rekeningkundige Stelsel**

1. Hierdie minuut dien om alle amptenare van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) in kennis te stel van die goedgekeurde lys uitsonderings vir diverse betalings op die Basiese Rekeningkundige Stelsel (BRS). Dit moet saamgelees word met Finansiëlerekeningkundeminuut 0006/2020 van 09 Desember 2020.

2. **Wetgewende raamwerk**

2.1 Ingevolge artikel 38(1)(*a*)(i) en (*b*) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (PFMA), 1999 (Wet 1 van 1999):

(a) moet die rekenpligtige beampte van die WKOD seker maak dat die departement effektiewe, doeltreffende en deursigtige stelsels van finansiële risikobestuur en interne beheer handhaaf.

(b) is die rekenpligtige beampte verantwoordelik vir die effektiewe, doeltreffende, ekonomiese en deursigtige gebruik van die WKOD se hulpbronne.

2.2 Ingevolge Hoofstuk 16A, afdeling 8.5.1(c), van die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie-instruksies (WKPTI) moet die rekenpligtige beampte toesien dat alle goedere of dienste op die betrokke elektroniese logistieke stelsel wat deur die inrigting gebruik word, verkry en in rekening gebring word, hetsy transversaal of intern.

2.3 Dit is in ooreenstemming met die bogenoemde vereistes van die PFMA en die WKPTI dat die departement goedere en dienste deur die Logistieke Inligtingstelsel (LOGIS) moet bestel en betaal. Betalings aan personeel moet op die personeel- en salarisstelsel (PERSAL) gemaak word, aangesien hierdie stelsels oor die vereiste beheermaatreëls beskik.

3. **Uitsonderings betreffende betalings**

Die volgende tabel bevat goedgekeurde uitsonderings wat op 10 September 2024 deur die Hoof van die Departement goedgekeur is ten opsigte van betalings wat op die BRS se funksionaliteit vir diverse betalings vir die WKOD verwerk kan word.

| **Uitsonderings** |
|---|
| Telekommunikasie (*Telecommunication*) |
| Infrastruktuurbetalings (*Infrastructure payments*) |
| Huurbetalings (*Rental payments*) |
| Toekennings aan studente (*Awards to students*) |
| Beursbetalings (*Bursary payments*) |
| Tutorbetalings (*Tutor payments*) |
| Oorplasings na huishoudings (*Transfers to households*) |
| Die Ouditeur-generaal (*The Auditor-General*) |
| Betaling vir DSTV-intekening en SABC-televisielisensies (*DSTV subscription payments and SABC TV licence payments*) |
| Koerante (*Newspapers*) |
| Oorbetaling van inkomste en fondse teruggestort (*Revenue pay-over and funds surrendered*) |
| Befondsing vir Vroeëkindontwikkeling (*Early Childhood Development funding*) |
| Minister se reisreëlings (*Minister's travel arrangements*) |
| Oorbetalings aan derde partye (*Pay-over to third parties*) |
| Salarisverwante betalings (*Salary related payments*) |
| Skoolondersteuningsbetalings (*School support payments*) |
| Eskom |
| Munisipaliteite (*Municipalities*) |
| Interdepartementele eise (*Inter-department claims*) |
| Reis- en verblyfvoorskotte (*Travel and subsistence advances*) |
| Aanvulling van kleinkas (*Petty cash replenishment*) |
| Ander: eise (*Other: claims*) |
| Terugbetalings (*Refunds*) |
| Leerdervervoerskema (*Learner Transport Scheme*) |
| Begunstigdes op die Sentrale Verskaffersdatabasis waaroor kwessies bestaan (*Payment beneficiaries with Central Supplier Database issues*) |
| Nasionale Skoolvoedingsprogram (*National School Nutrition Programme*) |

4. Ingevolge Stelsel-omsendbrief No. 2 van 2020 van 05 Augustus 2020, paragraaf 4.1.5, sal enige versoeke vir addisionele afwykings 'n skriftelike motivering vereis wat duidelike redes vir hierdie afwykings vermeld. Die motivering moet by die Direkteur: Finansiële Rekeningkunde ingedien word voordat sodanige betaling gemaak sal word.

5. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

**GETEKEN:** LJ ELY
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**
**DATUM:** 2025-02-11